UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

FACULTY	EDUCATION AND HUMAN SCIENCES
SCHOOL	EDUCATION
DEPARTMENT	EARLY CHILDHOOD EDUCATION AND CARE
MODULE	AFRIKAANS LANGUAGE, LITERACY and LEARNING SUPPORT
MODULE CODE	E3723CA
DATE	NOVEMBER 2025
DURATION	3 HRS MARKS: 100

FIRST OPPORTUNITY EXAMINATION

EXAMINERS: Ms Potgieter

Dr. Jessica Jansen

EXTERNAL MODERATOR: Mrs Mariska Ellis (University of Pretoria)

INSTRUCTIONS TO CANDIDATE:

1. This question paper consists of five (5) pages including the cover page.
2. Answer ALL the questions.
3. Number your questions correctly.
4. Read the questions carefully before you answer.
5. Please note that cheating in the examination will result in a fail.

UNIVERSITY OF NAMIBIA EXAMINATION QUESTION PAPER

Vraag 1

Verbind die term in **Kolom A** met die korrekte beskrywing in **Kolom B**. Skryf jou antwoord as volg neer: 1.16 y **[15]**

Kolom A	**Kolom B**	Antwoord
1.1 Intellektuele probleme	a) Dit verwys na die betekenis van woorde.	
1.2 Probleme met gesproke taal.	b) Die leerling skryf stadig, het probleme met taalvaardigheid en is nie gemotiveerd nie.	
1.3 Grafeme	c) Onvermoë om letters, woorde te herken en gedrukte inligting te intepreteer.	
1.4 Linkerbrein funksies	d) Swak fyn motoriese vaardigheid en ń vrees vir mislukking.	
1.5 Leerling ondersteuning	e) Probleme met geletterdheid, syfervaardigheid en sosiale vaardighede.	
1.6 Disleksie	f) Die teks is te moeilik. Die leerling lees woord-vir-woord.	
1.7 Semantiek	g) Praat, lees, skryf en opeenvolgende denke.	
1.8 Skryfprobleme	h) Die leerling vra gedurig na die betekenis van woorde en reageer nie op opdragte nie.	
1.9 Frustrasie leesvlak	i) Die leerling ontwikkel en werk volgens sy/ haar vermoëns.	
1.10 Handskrif probleme	j) Hierdie verwys na die lettersimbole en die klanke wat elke letter maak.	
1.11 Taal	k. Die leerling ruil b, d, a,g,n en m gereeld om.	
1.12 Regterbrein funksies	l. Woordeskat, begrip en vlotheid.	
1.13 Multigraad onderrig	m. Dit sluit observasie, klaswerk en teken aktiwiteite in.	
1.14 Lees elemente	n. Deurlopende Assessering	
1.15 Informele assessering	o. Bevat baie vorme bv. musiek, tabelle, skrif en woorde.	
	p. Visuele observasie en emosies.	
	q. Meer as een graad word in hierdie situasie onderrig.	

Vraag 2

Dui aan of die volgende stellings **WAAR** of **VALS** is. Skryf jou antwoord as volg: 2.c) Vals

a) Ons doen remediërende onderwys met die leerlinge wat leerprobleme ondervind.

b) Leergestremdhede verwys na 'n wye veld van leerprobleme wat leerlinge kan hê.

c) Tekens van leesprobleme sluit die volgende in: probleme om letters en woorde te herken, probleme met woordbetekenis, stadige leesspoed.

d) Disgrafie verwys na probleme met gesproke taal.

e) Dispraksie verwys na probleme met motoriese vaardighede.

f) Visuele probleme het net 'n invloed op lees.

g) Die leerling met Aandagafleibaarheid-hiperaktiwiteitsindroom (AAHS/ADHD) is gewoonlik goed georganiseerd en fokus maklik op hul werk.

h) Die interpersoonlike leerling hou daarvan om in groepe te werk.

i) Wanneer die linker- en regterbrein saamwerk, is die volgende moontlik: hoë vlak denke en redenasie sowel as kreatiwiteit.

j) Om vas te stel watter die dominante oor is, kan die leerling gevra word om 'n denkbeeldige gesprek oor die telefoon te hê.

k) Informele Deurlopende Assessering kan onderwysers help om leerprobleme vroegtydig te identifiseer.

l) Dit is altyd ń goeie beginsel van onderrig om van die bekende na die onbekende te werk.

m) Woordeskat kan slegs in formele taallesse aangeleer word.

n) Multi- modale leer elemente sluit net bewegings en die gebruik van prente in.

o) Assessering in Pre- Primêr sluit ook die gebruik van kort toetsies in.


[15]

Vraag 3

3.1 Bespreek kortliks **DRIE** metodes wat kan gebruik word om 'n multigraad klas te organiseer. Dui aan watter metode die mees effektiefste sal wees en hoekom jy so sê. (12)

3.2 Baie leerlinge in die Junior Primêre fase sukkel om vlot te lees in die Moedertaal. Verduidelik hoe jy te werk sal gaan om leerlinge te help om beter te lees. (10)

3.3 Trek 'n vloeidiagram op waarin jy die organisasie van leerondersteuning in die skool voorstel soos aanbeveel deur die Ministerie van Onderwys. Jou vloeidiagram moet die verskillende rolspelers se verantwoordelikhede aandui. (10)




[32]

Vraag 4

4.1 Wat is multi – modaliteit en waarom sou jy daarvan gebruik maak in die onderrig van Afrikaans? Staaf jou antwoord met gepaste voorbeelde. (10)

4.2 Kyk na die onderstaande illustrasie en beantwoord die vrae wat volg:



4.2.1 Noem **TWEE** moontlike probleme wat geïllustreer word. (2)

4.2.2 Wat is die leerling in staat om te kan doen? (3)

4.2.3 Waarmee het die kind hulp nodig? (3)

[18]

Vraag 5

5.1 Stel 'n Formele Assesserings taak vir lees saam wat vir Graad 2 leerlinge gebruik kan word. Hou in gedagte dat jous taak verskillende leeselemente moet assesseer. (10)

5.2 Vergelyk kortliks **DRIE** teorieë van taalverwerwing, in tabelvorm. (10)

[20]

TOTAAL: [100]